

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

ds. PJ Kriel

12.03.2017

Inhoud. God rus deur dat Hy rustig vir alles wat Hy gemaak het God is. God se rus beteken nie dat Hy moeg was en sy krag na sy skepping van alles moes herwin nie. God het geen stres om vir alles wat Hy gemaak het goed te sorg, te bestuur en te ontwikkel nie. God rus ook in die wyse waarop Hy God vir sondaars is. Hy doen wat Hy vir sondaars in sy verbond onderneem het en daarom is Hy rustig God vir sondaars. Sy kinders maak Hom nie met hul sondes gestres nie. Ons gaan God se rus in wanneer ons Hom vertrou dat Hy weet hoe om vir ons God te wees sonder om oor ons te stres. Wie God nie met hierdie geloof nader nie, bly hardkoppig hulle verhard in die ongeloof dat God 'n gestresde God is wat mense met hulle offers en toewydings moet rustig kry. Wie so met God besig is, sal nooit sy rus ingaan nie – die rus waar God weet hoe om vir mense soos ons rustig God te wees en rustig sy kinders te laat wees.

Liturgie 1. Lied 169 verse 1 – 3. 2. Evangelielesing Heb. 2:10 – 18; Lied 205 verse 1 en 2. 3. Wetslesing Rom. 13: 8 -14; Lied 434 drie verse 4. Ps. 33 verse 1, 2, 3, 7.

Skriflesing Hebreërs 3:19, 4: 1 – 11; Hebreërs 10: 11 – 23.

Teks Hebreërs 4:3 “Ons wat glo, gaan wel die rus in, ... Hebreërs 10: 22, 23 “Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid .. want Hy is getrou: Hy doen wat hy beloof het.”

Tema God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

1. Kom ons kyk weer vanoggend na die saak van geloofsekerheid. Geloofsekerheid gaan oor om rustig te wees met God oor God. Geloofsekerheid gaan oor hoe ons rustig God se kinders is.

Die saak oor geloofsekerheid word binne die moderne Christelikheid in die kerk gewoonlik só verkondig dat jy deur geestelikes eers gestres gemaak word oor jou kindskap van God. Dit doen hulle deur die volgende twyfelvrae aan jou te stel:

- Is jy seker jy is 'n kind van God? En dan word daar gewoonlik al die bewyse aan jou voorgehou hoekom jy nie eintlik 'n kind van God is nie.
- Is jy seker jy is gered? En dan word daar weer eintlik vir jou verduidelik dat jy nie regtig seker kan wees, soos wat jy is en leef, of jy gered is nie.
- Is jy seker jy gaan hemel toe? En dan word jy in 'n gesprek ingelei wat jy na die tyd heel seker is dat jy nie hemel toe gaan nie.

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

Wanneer jy dan oor jou self goed gestres is, dan kom die versekerings oor hoe jy rustig kan raak:

- As en wanneer jy jou lewe vir Here gee,
- as en wanneer jy jou aan God se mag oorgee en onderwerp,
- as en wanneer jy jou tot God bekeer,
- as en wanneer jy God liefhet en ook sommer as en wanneer jy in God glo,

dan kan jy rustig raak oor God en jouself, want jy het nou alles gedoen wat nodig is sodat jy nie meer oor jouself en God gestres hoef te wees nie.

2. Die probleem met hierdie tipe selfopgemaakte stres en selfopgemaakte rustigheid, soos dit hier gestel is, is dat nie of hierdie tipe stres of hierdie tipe rustigheid in die Woord van God voorkom nie.

Die saak wat in die boek Hebreërs in hoofstuk 10 vers “volle geloofsekerheid” genoem word, word in hoofstuk 4 beskryf as “om in God se rus in te gaan”. Dit is die evangelie: God rus en ons gaan in God se rus in.

Die Bybel ken nie so iets dat ons in die stres van God moet ingaan en dan ons self en God moet rustig kry deur dit wat ons vir God moet doen nie. Ons moet God nie rustig en minder gestres kry of ons self rustig kry nie.

Volle geloofsekerheid is om God se rus in te gaan.

3. Wat beteken dit dat God “rus”?

Ons moet hierdie woord “rus” verstaan want dit is kern- of trefwoord in die boek Hebreërs oor hoe God vir ons God is en hoe ons volle geloofsekerheid het.

Dit is ’n direkte aanhaling van Genesis 2: 2 “Op die sewende dag was God klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het.”

“Rus in Genesis 2, en ook hier in Hebreërs 4, beteken nie dat God so moeg geword het van alles wat Hy geskep het dat Hy so ooreis en afgemat was dat Hy eers ’n breuk moes vat om weer al sy kragte bymekaar te kry nie. Sou dit so wees dan beteken dit God was so oorwerk gewees met die skepping dat Hy na die tyd op vakansie gegaan het om te rus en om weer sy krag as God te herwin.

As dit so sou wees dan moet ’n mens mos ook kan vra hoe lank het Hy gerus en of Hy nou na Hy alles gemaak het nog steeds rus? Wanneer kry God dan weer sy krag bymekaar om God te wees vir wat Hy gemaak het?

“Rus” in Genesis 2 en Hebreërs 4 beteken nie tyd af vat om krag te herwin nie.

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

4. Ons moet sien hoe die woord rus in Genesis 2 vers 2 gebruik word: “Op die sewende dag was God klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het.”

Rus beteken dat God die skepping een keer uit niks gemaak het en Hy sal dit nie weer uit niks maak nie. Dit het ons verlede Sondag na gekyk: God skep een keer en wat Hy skep is goed. Rus beteken dat God alles klaar geskep het. Binne ses dae het Hy alles geskep binne sy skepping en was die skepping klaar.

Rus in die twee deel van vers 2 wys vir ons 'n ander betekenis. Die sewende dag beteken hier nie letterlik op die sewende dag nie. Dan moet dit beteken dat God na elke ses dae ses werk een rusdag nodig het. Dan beteken dit amper so iets soos God rus elke sewende dag, want na ses dae se werk is Hy moeg.

Dit is absurd!

Die sewende dag beteken hier dat die tyd na God alles gemaak het – is vir Hom sy rustyd na die skepping van alles uit niks. Dit is die werklike openbaring van hoe God Skepper is – Hy is die hele tyd na Hy alles gemaak het, rustig besig om God te wees in alles waarmee Hy in sy skepping besig is.

In God se almag en alwetendheid is Hy rustig besig om sy skepping te ontwikkel, te bestuur, te organiseer en te versorg op so manier dat niks waarmee Hy besig is vir Hom stresvol is nie. Hy stres nie om vir alles wat Hy gemaak het te sorg, te voorsien en te bestuur nie.

Daar is geen mag of krag wat binne God se skepping 'n insident of gebeurtenis kan afgee wat God stres in die wyse waarop Hy soewerein en algenoegsaam goed is in die wyse waarop Hy sy skepping versorg, bestuur en ontwikkel nie.

5. Vir ons as die Here se skepsels beteken dit dat God ook nie stres om vir ons as mense God te wees nie.

Dink u God kry druktespanning en raak onrustig wanneer Hy aan al die mense se behoeftes om mens te wees, soos Hy hulle gemaak het, en waarvoor hy hulle gemaak het, moet voorsien volgens hulle behoeftes?

Dink u ons as mense maak God gespanne en raak vir Hom 'n las omdat Hy sukkel om te weet wat Hy met ons as mense moet doen, nadat Hy ons gemaak het?

Dink U dat ons in ons menslike behoeftes en bedoeling waarvoor Hy ons gemaak het so oorspanne raak dat ons Hom 'n kans moet gee om 'n bietjie te kan weg gaan van ons, om 'n breuk te vat om met ons besig te wees te wees en ons Hom eerder

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

moet uitlos omdat ons Hom heeltemal opgewerk maak oor alles waarvoor ons na Hom toe gaan?

“God rus” openbaar alles juis die teendeel. In wie Hy as Skepper en God is, is God rustig, gemaklik en algenoegsaam besig om goed te wees om God te wees in en vir alles waarvoor Hy ons gemaak het en bestem het.

God stres nie om vir mense te sorg nie! Dit is iets wat God rustig doen!

6. En ons sonde? Ons ongehoorsaamheid?

Maak ons God met ons sonde op so 'n manier moeg dat ons met ons sonde God radeloos, bekommerd, desperaat en hulpeloos maak. Maak ons Hy ons met ons sondes Hom totaal magteloos om vir ons God te wees soos Hy vir ons God wil wees?

Maak ons God met ons sonde, God wat onbehaaglik, moedeloos en geïrriteerd met ons is op so 'n wyse dat Hy gestres is deur ons sonde?

Dit is die valsheid van die verkondiging van die moderne geloofsekerheid soos ons dit aan die begin gesien het. Wanneer dit so werk dat jy God moet rustig kry met jou bekerings en oorgawes, jou geloof en gebede, dan beteken dit mos Hy sit gestres en weet nie hoe om vir 'n sondaar wat sondig is God te wees nie.

Hy kan net vir sondaars wat hulle van hulle sondes bekeer God wees. Daarom sit God dan in hierdie valse opvatting van geloofsekerheid eenkant ongelukkig en wag gestres dat jy jou moet bekeer sodat Hy weer vir jou God kan wees.

7. Ons moet nie God oor ons sondes of sondigheid rustig maak met ons geestelikheid nie, ons moet sy rus ingaan!

Rustig besig om te doen wat Hy as God doen, sonder stres!

Dit is wat die Here mee besig is ook met die verbond wat Hy met sy kerk gemaak het. Dit word in 10 vers “God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het” Hierdie woord “beloof het” beteken nie om toekomsbeloftes te maak nie. Dit beteken om 'n onderneming te maak om te doen wat jy sê.

Wat het God onderneem om vir sondaar te doen?

Dit stel Hebreërs in 10 verse 16 “Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.” Dan sê hy verder: “Aan hulle sondes en oortredings sal Ek nooit meer dink nie.”

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

Hierdie is die verbondsonderneming wat God aan Abraham gemaak het oor hoe Hy God vir sondaars sal wees. Dit is 'n aanhaling van hierdie onderneming uit Jeremia 31 verse 31 en verder. Hierdie onderneming word ook in Esegïel 36 vers 24 en verder openbaar.

God onderneem om sondaars wat nie sy wet kan of wil onderhou nie, sy wet in die hart te gee. Dit beteken dat al kan hulle nie die wet self onderhou soos hulle moet nie, hulle dit in hulle harte liefhet en in hulle harte steeds daaraan gebind leef.

God onderneem om sondaars se sondes so te vergewe dat Hy as God nooit meer aan die sondes wat hulle doen sal dink nie.

8. Met hierdie onderneming is God net so rustig besig om dit uit te voer en te laat gebeur soos Hy rustig God vir sy hele skepping is.

God weet hoe om God vir sondaars te wees op so wyse dat hulle met sy wil in hulle harte leef, al kan hulle dit nie volkome onderhou nie en Hy weet hoe om so met sondaars te werk dat Hy nooit weer aan hulle sondes nie, maar aan hulle toewyding en diens dink.

Die wyse waarop God so sonder stres vir sondaars God is, is in Christus.

Christus is God self wat in sondaars se plek hulle sonde op Hom neem en dit self verreken deur die offerdood van Christus. So sorg God dat Hy nooit weer aan ons sondes en oortredings dink nie, want Hy het dit volledig verreken.

Die wyse waarop God sonder stres vir ons God is, is om ons in Christus heilig te maak: Hy sluit ons in Christus se heiligheid in en so maak Hy ons liefde vir en diens in al ons gebrokenheid vir Hom heilig, volkome.

9. God weet hoe om vir mense soos ons – rustig God te wees!

Dit is wie Hy vir ons in en deur Jesus Christus is. Hy weet hoe om vir mense wat so sondig soos ons is, so Vader te wees dat ons sondes nie iets is waaraan Hy die hele tyd dink, omdat ons die hele tyd daarmee sukkel nie.

Hy sorg dat ons sondes iets is waaraan Hy nooit dink nie, net soos wat Hy rustig vir sy hele skepping sorg.

God weet hoe om vir mense soos ons God te wees!

Dit is hoe hy rustig daarvoor sorg dat mense soos ons wat nooit die wet ten volle kan onderhou, mense bly wat God se wet in ons harte het: ons wil dit hoor, ons wil

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

daarvolgens lewe, ons het die Here lief vir wat hy ons deur sy wet wys en ons wil die Here volgens sy wet eer.

Hy as God sorg daarvoor dat al ons toewyding volgens sy wet met al die gebrokenheid daarvan – in en deur Christus werklik vir Hom heilig is, volkome is. Dit is hoe Hy sorg dat ons sy kinders is.

10. Daarom kan ons die rus van God ingaan.

Die wyse waarop ons God se rus ingaan, word beskryf as dat ons rus van ons werk net soos God van Sy werk rus.

Hoe rus 'n mens van jou werk net soos God van sy werk rus?

Dit is om rustig 'n kind van God te wees en rustig te wees in jou kindskap van God, net soos God rustig jou God is, al bly jy in jou self sondig. Dit is om sonder stres God te kan dien en lief hê.

Hierdie stresvrye liefde vir en diens aan God word in hoofstuk 10 dan so beskryf:

“Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.”

Stresvrye liefde vir en diens aan God, is om God met 'n opregte hart te nader. Opreg hier beteken “onverdeeld” en verwys na die hart wat die Here vra in Exodus 20 vers 5 “wat Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My.” Daarom beteken opregte hart 'n liefde vir God waarin ons God volledig met ons hele hart, siel en verstand wil lief hê en dien.

Ons mag en kan God so nader in die volle geloofsekerheid dat Hy ons nie gaan beskuldig dat ons dit nie reg kry nie en dat Hy ons gaan wys waar ons dit nie reg gekry het nie. Omdat ons in Christus geheilig is, is ons toewyding met ons hele hart, siel en verstand vir God heilig

Dit is volle geloofsekerheid: God laat en maak ons liefde vir Hom heilig. Daarom kan ons Hom stresvry liefhê – Hy maak ons liefde vir hom en ons diens aan Hom heilig, vir Hom volkome, nie ons nie. Hy maak dit liefde en diens sonder 'n skuldige gewete en liefde en diens wat gewas is in skoon water.

Wie God in hierdie geloof in hoe Hy God is nader, het sy rus ingegaan. Hulle kan en is rustig sy kinders, sonder die stres dat hulle liefde en diens vir God nooit volkome en reg is nie.

11. Hoe nader ons God met die liefde van ons hart en die diens van ons liggame?

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

Die absurde van die afgodsdienste van die moderne Christelikheid is dat ons geleer word om na God te gaan met harte wat anders is as harte met volle geloofsekerheid.

Ons word baie keer geleer, en ons doen dit baie keer sommer so met ons self sonder dat iemand dit vir ons leer, dat ons God met gebroke harte moet nader. En dan beteken gebroke dat ons God met 'n stukkende hart moet nader!

Ons hart moet stukkend wees van die skuld, die selfveroordeling, die selfverwerping en selfaanklagte waarmee ons God met 'n skuldige gewete nader. Dit is hoe ons glo ons God moet nader – stukkend en skuldig.

Is dit hoe ons God se rus ingaan? Met stukkende harte?

Ons word baie keer geleer en doen dit ook so sommer van self dat ons God met vertwyfelende harte moet nader.

Vol self twyfel, vol twyfel of ek regtig goed genoeg, regtig aanvaarbaar, regtig geskik, regtig met liefde en diens God kan nader, gaan ek na God toe. In hierdie vertwyfeling oor ons self, ons liefde en diens aan God, probeer ons dan nog al wat vir ons oor is, en dit is gediensstige onderwerping aan die mag van God.

Is dit hoe ons God se rus ingaan? Met vertwyfelende harte? Gediensstige oorgawe?

Die nuutste mode is om God met 'n ongelowige hart te nader.

Die moderne Christelikheid leer dat jy God nou kan nader terwyl jy in jou hart nie regtig seker is of daar 'n God is nie, terwyl jy in jou hart eintlik maar kan voel dat jy nie regtig weet of God vir jou daar is en jou aanhoor nie. Jy mag maar met so ongelowige hart bid asof jy maar eintlik net met jou eie geestelike versugtinge besig is. Dit is volgens hierdie geestelikes ook baie goed vir jou geestelike lewe om met so ongelowige hart te leef. So gaan jy eintlik maar in jou eie geestelikheid op!

Is dit hoe ons God se rus ingaan, met 'n ongelowige hart?

Nog minder kan ons God met 'n selfversekerde hart nader!

Selfversekerd dat ek hierdie stresvolle God wat nie weet hoe om vir my God te wees nie, rustig maak met my bekerings, my liefdes, my liefdes, my oorgawes en my goeie werke.

Is dit hoe ons God se rus ingaan, met ons eie goeie werke?

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

12. Ons nader God met die volle geloofsekerheid dat ons met 'n onverdeelde hart Hom mag lief hê en met gereinigde liggame Hom met al ons krag kan dien.

Want ons rus van ons werke, ons nader God nie met ons goeie werke nie! Ons maak nie vir God of onself rustig met ons werke nie.

Ons nader nie 'n God wat kwaad, ontevrede en onvergenoegd is met ons en ons sonde, ons verdeelde liefde en gebroke diens nie. Ons is nie besig om God met ons liefde, gebede, diens en toewyding te probeer rustig kry en gerus te stel oor hoe ons sy kinders gaan of wil wees nie.

Ons rus van hierdie stresvolle geestelikheid waarmee al die geestelikes van hierdie wêreld besig is – gestres oor wie en wat ons is vir 'n gestresde God! Ons doen nie meer hierdie werke in die stres om 'n gestresde God rustig te kry of om onself van ons gestresde liefde vir God, rustig te kry nie.

Ons het die rus van God binne gegaan: Hy weet hoe om vir iemand soos ek, so sondig en verdeeld soos ek, rustig God te wees. Hy is altyd besig om my so in Christus heilig te laat wees, dat Hy nooit aan my sondes dink nie en met sy wet so te lei, dat ek innerlik ten spyte van wie ek in myself is en wat ek doen, altyd in my hart aan sy wet gebind is en wil bly.

Ons het God se rus ingegaan omdat ons weet God weet hoe om rustig ons God te wees en ons vertrou hom om rustig ons God te wees!

13. Wat noem die woord van die Here al hierdie ander maniere waarmee geestelikes mense na God toe lei en leer om God te nader:

- om God met 'n gebroke hart te nader,
- om God met 'n vertwyfelende hart te nader,
- om God met 'n ongelowige hart te nader,
- om God met 'n selfversekerde hart oor ons eie goeie werke te nader?

U kan maar weer gerus Hebreërs 4 gaan lees. Al hierdie geestelike alternatiewe om God met 'n onverdeelde hart en volle geloofsekerheid te nader omdat ons weet Hy weet hoe om vir mense soos ons God te wees, noem die Here – hardkoppigheid!

Hebreërs 3: 7 en 8: “Vandag as julle my stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het nie”

God is rustig vir mense soos ons God, ons stres Hom nie om vir ons God te wees nie.

Hoe het die Israeliete daardie goue kalf genader?

- met gebroke harte waarin hulle hul self gekerf en verneder het,
- met vertwyfelende harte of hierdie goue kalf hulle regtig uit Egipte gelei het,
- met ongelowige harte wat hierdie kalf eerder glo en vertrou as vir god wat hulle uit Egipte gelei het,
- met selfversekerde harte dat hulle hierdie stom kalf wat hulle self gemaak het met offers gelukkig maak en hou.

So kan jy die rus van God nooit ingaan nie. Daarom stel die boek Hebreërs in 3 vers 19: “Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie.

Mense wat 'n stresvolle God soek wat hulle gestres kan dien – sal nooit die rus van God binnegaan nie!

Dit is die godsdiens van die ongelowige massas wat van eenkant na die ander kant van die land rondtrek. Die gestresde goddeloses wat met elke beskikking van God wat hulle nie pas nie, maak asof god gestres is en met bekerings weer so rustig gemaak kan word, dat hy sy besluite sal neem soos dit ons pas. .

Ons as gelowiges het hierdie rus ingegaan: ons ken God wat weet hoe om rustig vir mense soos ons God te wees – sodat ons rustig sy kinders kan wees!

Kom ons leef in hierdie rus en nader God met 'n onverdeelde hart en volle geloofsekerheid: Hy doen wat Hy belooft het.